DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME
TAK MARIENE EN KUSBESTUUR

BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE STOKVISHANDLYN VISSERY : 2005

HIERDIE BELEID MOET SAAM GELEES WORD MET DIE VAN DIE ALGEMENE BELEID OOR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Sektorale profiel 3

3. Die proses van medium-termyn regte-toekenning 5

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte 5

5. Tydsduur van regte 6

6. Nuwe inkomelinge 6

7. Evalueringskriteria 6

7.1 Uitsluitingskriteria 6

7.2 Balanseringskriteria 8

(a) Transformasie 8
(b) Belegging in die vissery 9
(c) Visvangprestasie 9
(d) Werksgeleenthede 9
(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 10
(f) Historiese betrokkenheid 10
(g) Afhanklikheid van die bron: 10
(h) Wetsnakoming 10

7.3 Bemagtiging van stokvis-handlynvissers 10

7.4 Vangspoging toekennings 11

8. Geskikte vaartuie 11

9. Multi-sektorale betrokkenheid 12

10. Aansoekfooie en heffings 12

11. Bestuursmaatreëls 12

11.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van die vissery 12

11.2 Bestuur op 'n streeksgrondslag 13

11.3 Toegang tot tradisionele lynvisvoorraad 13

12. Meet van prestasie 13

13. Waarnemer- en moniteringsprogram 14

14. Voorlopige lyste 14

15. Permitvoorwaardes 14

1. Inleiding

Hierdie beleid vir die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die stokvis handlyn vissery en word uitgereik deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme (die "Minister"). Hierdie beleid moet saam gelees word met die Algemene beleid oor die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene beleid").

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings wat van toepassing sal wees op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die stokvis handlyn vissery uiteen te sit. Baie van hierdie oorwegings is nie nuut nie. Hulle is in die verlede deur die Minister en gedelegeerde owerhede van die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur (die "Departement") toegepas by die toekenning van regte en tot 'n mate beliggaam hierdie beleid sodanige oorwegings.

Sekere bestuursbeleidsrigtings vir die periode na die toekenning van regte verskyn ook in hierdie beleid. 'n Bestuurshandleiding vir Stokvis handlyn vissery sal na oorleg met al die regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die bestuursmetodes en prosedures vir die vissery uitstippel. In besonder, is die Departement van voorneme om hierdie vissery op 'n streeksbasis te bestuur na die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte.

Die Minister is voornemens om die artikel 18-magte om kommersiële visvangregte in die stokvis handlyn vissery toe te ken, ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("die WLMH") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer. Hierdie beleid sal die gedelegeerde owerheid lei in die neem van besluite oor aansoeke in hierdie vissery.

2. Sektorale profiel

Die stokvis handlyn vissery het langs die Kaap se suidelike kus ontwikkel, waar gedurende die laat 1980s tradisionele lynvissers stokvis begin teiken het namate aanvraag vir prima gehalte ("PG") stokvis op die internasionale mark toegeneem het.

Oorspronklik het handlynvissers dekbote gebruik wat in staat was om oornag te vis te vang. Namate die vissery gegroei het, het sommige vissers skibote begin gebruik, wat oornag op die see kan bly, en wat op 'n sleepwa gehys kan word en na gebiede gesleep kan word naaste aan die ligging van die stokvis. Die dekbote was hawe-

gebonde. Die inbring van skibote het vangspogingsin die stokvis handlyn vissery aansienlik vermeerder, veral omdat gebruik van hierdie vaartuie stokvishandlynvissers in staat stel om die stokvis langs die Suid-Afrikaanse kuslyn te volg.

Gedurende die 1980s en 1990s was die vissery nie behoorlik gereguleer of bestuur nie. Die gebrek aan 'n regulatoriese raamwerk, gekoppel aan 'n verhoogde vraag na PG stokvis in die laat 1990s, het daartoe gelei dat 'n aantal persone, insluitende ontspannings- en kommersiële vissers wat in ander visserye werksaam was, hierdie vissery betree het om voordeel te trek uit die hoë pryse en vangste het vinnig toegeneem. Gedurende die laat 1980s is stokvis handlyn vangste geskat om ongeveer 150 ton te wees. Teen die 1990s het dit verhoog tot tussen 1 100 ton en 1 400 ton per jaar. Teen die jaar 2000 is ongeveer 5000 ton geland met vangste wat 'n toppunt bereik het van 'n geskatte 7 300 ton in 2001.

In Desember 2000 het die Minister 'n biologiese noodtoestand in die tradisionele lynvis vissery aangekondig. Die Minister het ook besluit om die bestuur van die handlynvissery in drie aparte visserye te verdeel – tuna-paal, die stokvis handlyn en die tradisionele lynvis vissery. In daardie jaar het die Minister ook 'n Totale Ontplooide Vangspoging ("TOV") vir die eerste keer in die stokvis handlyn vissery gestel. Die TOV het die aantal bemanning en vaartuie wat stokvis kon teiken deur middel van 'n handlyn, tot 130 vaartuie en 785 bemanning beperk. Verder is 'n voorkomende maksimum vangsperk ("VMVP") van 5500 ton opsygesit onder die globale totale toealaatbare vangs van stokvis.

Die Departement bestuur die stokvis langlyn vissery as deel van 'n "stokvis-kollektief". In terme van die WLMH word 'n globale totale toelaatbare vangs (TTV) vir stokvis jaarliks deur die Minister. Die stokvis handlyn en langlyn visserye deel 10 persent van die globale TTV. Daar word 83 persent van die TTV toegeken aan die diepsee stokvistreilvangs vissery word en die balans word toegeken aan die stokvis kustreilvangs vissery. Tot 2004 is 1 000 ton opsygesit vir buitelandse vissers. Hierdie toekenning sal gestaak word.

Die stokvis handlyn vissery is werksaam vanaf klein visserhawens en sleephellings langs die Suid-Kaapse en Oos-Kaapse kus, so ver noord as Port Alfred. Die handlyn vissery, soos die stokvis langlyn vissery, land PG stokvis vir uitvoer na Europa. Die vissery is werksaam in aanlandige waters waar vlakwater-stokvis, *Merluccius capensis,* geteiken word.

Stokvisvoorraad word tans ingevolge 'n herwinningstrategie bestuur en die TTV vir stokvis is elke jaar verminder sedert 2003. Huidige vangkoerse van vlakwater-stokvis is nie volhoubaar nie.

3. Die proses van medium-termyn regte-toekenning

In 2003 is 86 kommersiële stokvis handlyn visvangregte toegeken. Die regte het 86 vaartuie en meer as 700 bemanning gemagtig om stokvis te teiken met die gebruik van die handlynmetode. Dit was die eerste keer dat kommersiële visvangregte in hierdie vissery toegeken is en die eerste keer dat die stokvis handlyn vissery onderhewig was aan omvattende regulering.

Die doel van die medium-termyn toekennings proses was om kommersiële stokvishandlyn visvangregte aan vissers toe te ken wat van die vissery afhanklik is vir hulle bestaan. Elke moontlike poging is aangewend om ontspannings- of deeltydse vissers en diegene wat inkomste uit ander visserye verkry of wat in ander sektore van die ekonomie werksaam is, uit te sluit.

Uit die regte toegeken is 26 persent aan swart persone toegeken. Ongeveer 25 persent van die kapteins in hierdie vissery is swart terwyl 76 persent van die bemanning swart is.

Die meeste regtehouers is individue. Juridiese entiteite soos beslote korporasies en maatskappye vorm ‘n klein persentasie van die regtehouers. Al die regtehouers in die vissery kan as ondernemings van klein- of mediumgroote (KMO’s) beskryf word.

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte met die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is om:

- Die transformasieprofiel van die stokvis handlyn vissery merkbaar te verbeter;
- Kommersiële visvangregte toe te ken aan vissers wat afhanklik is van die stokvis handlyn bron as hul hoofbron van inkomste;
- Streef om ‘n billike proporsie van regte toe te ken aan aansoekers gebaseer by vissershawens wat histories met stokvis handlynvangste geassosieer word;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te ondersteun; en
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te verseker.

5. Tydsduur van regte

Met inagneming van die transformasieprofiel van die vissery sal kommersiële regte vir ‘n tydperk van agt jaar (1 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2013) toegeken word. Die Departement sal gereeld regtehouers evalueer teen voorafbepaalde prestasiekriteria (**sien paragraaf 12 hieronder**).

6. Nuwe inkomelinge

Die stokvis handlyn vissery is tans oorskryf. Daar is veel meer handlynvissers as wat die hulpbron kan ondersteun. Die swak transformasieprofiel van hierdie vissery gekoppel met die feit dat baie stokvis handlynvissers, veral swart kapteins, nie in 2001 aansoek gedoen het vir kommersiële regte nie, beteken egter dat regte toegeken mag word aan nuwe inkomeling-aansoekers eerder as aan medium-termyn regtehouers.

7. Evalueringskriteria

Aansoeke volgens ‘n stel “*uitsluitingskriteria”* gesif word*.* Regtehouer aansoekers en nuwe inkomeling aansoekers sal dan apart evalueer word volgens ‘n stel gelaaide “*vergelykende balanseringskriteria”.* ‘n Afsnypunt of rangorde sal dan bepaal word om die suksesvolle aansoekers te bepaal.

7.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe vir die kriteria beskryf in die Algemene beleid, aangaande die indiening van aansoeke en wesenlike tekortkominge, sal die gedelegeerde owerheid aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Kommersiële visvangregte in die stokvis handlyn sektor sal slegs toegeken word aan entiteite wat geïnkorporeer is ingevolge die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984 en aan natuurlike persone (m.a.w. eenmansake of natuurlike individue). Regte sal nie aan trusts en maatskappye toegeken word nie. Regtehouers wat tans regte hou in die vorm van maatskappye of trusts moet aansoek doen in die vorm van ‘n natuurlike persoon of beslote korporasie en sal beskou word as ‘n medium-termyn regtehouer aaansoekers indien hulle aan die riglyne uiteengesit in die Algemene beleid voldoen.

(b) **Wetsnakoming:** Indien ‘n aansoeker of sy lede, skuldig bevind is aan ‘n ernstige misdryf ingevolge die WLMH, die regulasies, permitvoorwaardes of ander ernstige vissery verwante misdrywe gedurende die medium-termyn regteperiode, sal daar nie ‘n stokvis handlyn visvangreg aan die aansoeker toegeken word nie. Dit sluit nie die betaling van ‘n skulderkenningsboete in nie. Regte sal ook nie toegeken word aan ‘n aansoeker indien die aansoeker of sy lede se visvangregte gekanselleer of ingetrek is ingevolge die WLMH of indien daar op hul bates beslag gelê is in terme van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1998 of die WLMH nie. Indien ‘n medium-termyn reg gehou is deur ‘n maatskappy, sal ‘n reg nie toegeken word aan ‘n opvolger nie, indien ‘n direkteur of beherende aandeelhouer skuldig bevind is aan ‘n ernstige oortreding ingevolge die WLMH, die regulasies, permitvoorwaardes of ander ernstige vissery verwante misdrywe gedurende die medium-termyn periode of as enige visvangregte gekanselleer of ingetrek is ingevolge die WLMH of daar op hul bates beslag gelê is in terme van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad 121 van 1998 of the WLMH nie.

Besluite mag gereserveer word oor aansoeke indien daar ‘n hangende kriminele ondersoek is, of artikel 28 stappe, wat die uitslag van die aansoek mag affekteer.

(c) **Papierkwotas:** Papierkwotas soos omskryf in die Algemene beleid sal uitgesluit word. Groot groepe identiese of baie soortgelyke aansoeke wat deur konsultante of kommersiële visvangmaatskappye en ander entiteite geborg word, sal uitgesluit word as fronte (papierkwotas), ongeag die meriete van die individuele aansoeke.

Daar mag nie meer as een reg aan ‘n huishouding (bestaande uit ouers en kinders) toegeken word nie ten einde fronte te voorkom en om toegang tot die stokvis handlyn bron te verbreed.

(d) **Nie-gebruik:** Die gedelegeerde owerheid mag weier om ‘n reg weer toe te ken as ‘n regtehouer aansoeker versuim het om sy medium-termyn reg ten volle te benut. Die gedelegeerde owerheid mag ook weier om ‘n reg toe te ken aan ‘n aansoeker wat ‘n lid was van ‘n beslote korporasie of ‘n direkteur of aandeelhouer van ‘n maatskappy wat ‘n medium-termyn reg gehou het en versuim het om die reg ten volle te benut.

(e) **Persoonlike betrokkenheid by die oes van die hulpbron:** Aansoekers sal moet aantoon dat hulle (of ‘n lid van die beslote korposasie) op ‘n voltydse basis in die stokvis handlyn vissery

betrokke is in die sin dat hulle aktiewe vissers is en deelneem aan die bedryf van die stokvis handyn besigheid. Slegs aansoekers wat weens permanente fisiese ongeskiktheid nie in staat is om deel te neem nie, sal vrygestel word van hierdie vereiste. Vroue aansoekers sal nie vrygestel word van die vereiste van deelname aan boord nie.

(f) **Toegang tot vaartuig:** Aansoekers sal 'n reg van toegang tot 'n geskikte vaartuig moet aantoon (***sien paragraaf 8 hier onder*****).**

(g) **SAMVO Gesonheidsertifikaat:** Aansoekers moet bewys verskaf dat die Suid Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (SAMVO) hulle (of 'n lid van die beslote korporasie) as medies geskik beskou om op die see uit te gaan.

7.2 Balanseringskriteria

Regtehouer aansoekers en potensiële nuwe inkomelinge sal evalueer word ingevolge die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word ten einde die sterkte van elke aansoek te bepaal:

(a) Transformasie

Die medium-termyn regte toekenning rekords dui daarop dat hierdie vissery vergelykend minder getransformeer is as ander visserye. Daar sal positiewe punte aan swart aansoekers toegeken word. In die geval van beslote korporasies, sal die persentasie swart eienaarskap evalueer word. Bykomend, sal aansoekers ook oorweeg word op:

- Die persentasie swart en vroue verteenwoordiging op bestuursvlakke (veral ten opsigte van kapteins) en die persentasie swart en vroue werknemers;
- Of die aansoeker wetgewing oor vaardigheidsontwikkeling nakom en of die aansoeker belê het in opleiding en ontwikkeling van bemanning en swart bemanning in besonder;
- Of die aansoeker gereeld winste met bemanning, en in besonder met swart bemanning, gedeel het;
- Regstellende aankope;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998; en

- Korporatiewe maatskaplike belegging.

(b) Belegging in die vissery

Aansoekers sal evalueer word met verwysing na beleggings gemaak.

Regtehouer aansoekers sal beoordeel word as volg:

- Beleggings in vaartuie sal erken word, solank die belegging 'n werklike bedoeling om in die sektor deel te neem aantoon. Aandeelhouding in vaartuie verkry teen minimum of geen koste vir die aansoeker sal nie erken word as 'n belegging nie. Regtehouer aansoekers sal nie beloon word omdat hulle skeepshuurooreenkomste of vangs- of koopooreenkomste aangegaan het nie;
- Belegging in bemarkingsinisiatiewe sal oorweeg word. Die gedelegeerde owerheid sal in ag neem of die aansoeker in staat is om stokvis te bemark.

Wat nuwe inkomeling aansoekers betref, sal die gedelegeerde owerheid oorweging gee aan beleggings gemaak in ander sektore in die vorm van vaartuie en vaste bates. Verder, sal nuwe inkomeling aansoekers moet aantoon of hulle toegang tot stokvis handlyn markte het.

(c) Visvangprestasie

Regtehouer aansoekers sal evalueer word met inagneming van hulle prestasie in die stokvis handlyn vissery gedurende die medium-termyn regtetoekennings proses. In besonder, sal regtehouer aansoekers penaliseer word wat verkies het om tradisionele lynvis te teiken bo stokvis.

Nuwe inkomeling aansoekers sal evalueer word met inagneming of hulle die vermoë, kennis en vaardigheid het om deel te neem aan die stokvis handlyn vissery.

(d) Werksgeleenthede

Regtehouer aansoekers wat kan aantoon dat hulle tydelike of permanente werksgeleenthede

verskaf het gedurende die medium-termyn tydperk, sal beloon word.

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Belegging in 'n aantal van Suid-Afrika se kleiner kusdorpies is nodig vir ekonomiese groei. Die gedelegeerde owerheid sal positief punte toeken aan daardie aansoekers wat kies om hulle vangste te land in die hawens langs die Kaapse suidkus en die Oos-Kaapse kus wat histories met stokvis handlynvisvangs geassosieer is.

(f) Historiese betrokkenheid

Regtehouer aansoekers en potensiële nuwe inkomelinge sal beloon word vir historiese betrokkenheid in die visvangindustrie. 'n Voorbeeld van historiese betrokkenheid is 'n kaptein of bemanningslid wat tevore in die handlynvissery gewerk het.

(g) Afhanklikheid van die bron:

Die gedelegeerde owerheid behoort positief punte toeken aan aansoekers wat afhanklik is van die stokvis handlyn vissery vir 'n wesentlike gedeelte van hul jaarlikse bruto inkomste. Daar mag negatiewe punte toegeken word aan aansoekers of hul lede wat inkomste uit bronne buite die visvangindustrie verkry. Daar sal van potensiële nuwe inkomelinge vereis word om hulle historiese afhanklikheid van die stokvis handlyn vissery vir hulle bestaan aan te toon.

(h) Wetsnakoming

Geringe oortredings van die WLMH, sy Regulasies en permitvoorwaardes sal negatiewe punte ontvang.

7.3 Bemagtiging van stokvis-handlynvissers

Die Departement sal vereis dat visserbemanning wat van voorneme is om op stokvishandlynbote te werk hulle registreer met die Departement op 'n Bemanningsregister. Daar sal van stokvis handlyn

regtehouers vereis word om hulle bemanning te kies uit diegene wat op die Bemanningsregister gelys is. Die Departement sal slegs persone registreer op die Bemanningsregister indien hulle ‘n suksesvol ‘n SAMVO veiligheidskursus voltooi het, ‘n afhanklikheid van stokvis handlyn visvangs kan aantoon en ‘n mate van historiese betrokkenheid in stokvis handlyn visvangs kan aantoon.

Bemanning sal kosteloos geregistreer word en die registrasieproses sal aanvang neem in die laaste kwartaal van 2005. Geregistreerde bemanning mag slegs visvang vanaf vaartuie wat gemagtig is om stokvis deur middel van handlyn te vang. Dit beteken nie dat persone geregistreer op die bemanningslys nie vaartuie in ander visserye mag beman nie.

7.4 Vangspoging toekennings

Die Departement sal een vaartuig aan elke suksesvolle aansoeker toeken asook die getal bemanning wat bepaal is deur die Suid Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (“SAMVO”) om veilig te wees vir daardie vaartuig.

Verder, alhoewel hierdie vissery bestuur word ingevolge ‘n TOV (130 vaartuie en 785 bemanningslede) word ‘n voorsorg maksimum TTV van 5 500 ton ook gebruik om die vissery te bestuur. Rekords onthul dat oor die duur van die medium-termyn tydperk, was hierdie voorsorg maksimum vangsperk nooit bereik nie. Gevolglik mag daar in die toekoms meer visvangregte toegeken word, met dien verstande dat sodra die vissery 5 500 ton geland het, alle stokvis handlynvisvangs gestaak sal word vir daardie seisoen.

8. Geskikte vaartuie

‘n Geskikte vaartuig vir die stokvis handlyn vissery is ‘n vaartuig wat:

- ‘n minimum SAMVO geregistreerde lengte van ongeveer vyf meter en ‘n maksimum SAMVO geregistreerde lengte van ongeveer 12 meter het. In wese sal die gedelegeerde owerheid regte toeken aan skibote en dekbote;
- ‘n werkende vaartuigmoniteringstelsel het; en
- gesertifiseer is as synde te voldoen aan HACCP (“Hazard Analysis and Critical Control Point”).

9. Multi-sektorale betrokkenheid

Indien die aansoeker ‘n beslote korporasie is, sal daar nie ‘n stokvis handlynreg aan die aansoeker toegeken word indien daar ‘n kommersiële visvangreg in enige Groep A of B vissery aan die aansoerk toegeken is nie. Indien die aansoeker ‘n natuurlike persoon is, sal daar nie ‘n stokvis handlynreg aan die aansoeker toegeken word indien die aansoeker ‘n lid is van ‘n beslote korporasie, of ‘n direkteur of ‘n beherende aandeelhouer is van ‘n maatskappy wat ‘n kommersiële visvangreg toegeken is in enige Groep A of B visserye nie. Verder sal regtehouers (insluitende hul lede waar toepaslik) in die stokvis handlyn vissery nie toegelaat word om in enige Groep C of Groep D visserye ‘n reg te hou nie behalwe in tradisionele lynvis. In gevalle waar die hou van veelvuldige regte nie toegelaat word nie, behoort aansoekers hul voorkeur aan te toon.

10. Aansoekfooie en heffings

Die aansoekfooie vir hierdie vissery sal bepaal word met inagneming van:

- Die koste van die hele regtetoekenningsproses, insluitende oorlegpleging, ontvangs, evaluering van aansoeke, kontrolering, appèlle en hersiening; en
- Die waarde van die vis wat gedurende die duur van die reg toegeken word.

Die jaarlikse heffings wat betaalbaar is met ingang van 1 Januarie 2006 sal vasgestel word na oorlegpleging met regte houers. Die heffings betaalbaar sal deur die Departement gebruik word vir die mitigasie van jaarlikse kostes van bestuur, wetsnakoming en navorsing.

11. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hieronder bespreek word weerspieel sommige van die Departement se hoofvoornemens vir die bestuur van hierdie vissery nadat regte toegeken is.

11.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van die vissery

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteembenadering tot die bestuur van visserye (“EBV”). ‘n Ekosisteembenadering tot visserybestuur is ‘n holistiese en geïntegreerde beleid wat erken dat

visvang en verwante aktiwiteite op land 'n impak het op die breë mariene omgewing. Die EBV sal verder uitgestippel word in die Bestuurshandleiding van die Stokvis Handlyn Vissery. Suid-Afrika bly verbind tot die teikendatum van 2010 vir die inwerkingstelling van 'n EBV in die kommersiële visserye.

11.2 Bestuur op 'n streeksgrondslag

Die Departement is van voornemens om die bestuurstrategie van hierdie vissery te verander na die toekenning van langtermyn visvangregte. Dit is die voorneme van die Departement om hierdie vissery op streeksgrondslag te bestuur, wat die beweging van vaartuie binne bepaalde streke beperk.

11.3 Toegang tot tradisionele lynvisvoorraad

Stokvishandlynvissers sal nie toegelaat word om vir tradisionele lynvisvoorraad soos kabeljou (*Argyrosomus* spp.) en ander oorontginde of ineengestorte lynvis spesies te vang nie. Stokvishandlynvissers sal egter toegelaat word om snoek te teiken wanneer dit beskikbaar word.

12. Meet van prestasie

Die Departement sal 'n aantal formele prestasiemetingoefeninge instel vir die duur van die kommersiële visvangregte. Daar word beoog om die prestasiemetingoefeninge na 'n jaar uit te voer en dan elke drie jaar daarna.

Alhoewel die Departement die presiese kriteria waaraan regtehouers gemeet sal word sal finaliseer na die toekenning van regte en na oorlegpleging met regtehouers, mag die volgende breë prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie, bemarking en toerusting;
- nakoming van toepaslike wette en regulasies.

Die oogmerk prestasiemeting sal wees om te verseker dat die doelstellings van die vissery bereik word en dat die bestuursmetodologie en prosedures geskik is en op datum bly vir die vissery.

13. Waarnemer- en moniteringsprogram

Die Departement se huidige moniteringsprogram sal na hierdie vissery uitgebrei word. Daar sal van regtehouers vereis word om die koste van die waarnemer- en moniteringsprogramme te dra.

14. Voorlopige lyste

Voordat die gedelegeerde owerheid finaal besluite neem oor die suksesvolle aansoekers, behoort hy of sy ‘n voorlopige lys van suksesvolle aansoekers uit te reik. Die voorlopige lys sal na elke visvanggebiede gesirkuleer word. Belanghebbende en geaffekteerde partye in hierdie gebiede mag dan uitgenooi word om kommentaar te lewer oor die lys, en in besonder, om die gedelegeerde owerheid in te lig as enige persone wat histories stokvis handlyn gevang het weggelaat is uit die voorlopige lys of enige persoon wat ingesluit is in die voorlopige lys nie afhanklik is van die stokvis handlyn bron nie.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes sal vasgestel word na konsultasie met regte houers in hierdie vissery en sal onderworpe wees aan hersiening soos en wanneer dit nodig mag wees.